Gimmie Griffie

11 Mei 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 14***

GEAGTE OUERS

Baie geluk aan al die personeel, afrigters en spelers met die uitstekende prestasies in die PUK-Prestige-finaal. Baie dankie aan al die ouers wat so hard gewerk het met verkope, voorbereiding en ondersteuning.

Baie sterkte met Saterdag se wedstryde teen Hoërskool Wagpos.

Baie dankie aan me. Fouché en al die personeel wat baie hard gewerk het om van die Eisteddfod so 'n goot sukses te maak. Meer as 2 000 items is gelewer. Baie geluk aan alle Gimmies wat pragtig presteer het.

Ons kry elke jaar baie versoeke van ouers wat hul kinders Nampo toe wil vat. Dit het in die verlede baie ontwrigting veroorsaak en derhalwe het die skool die Onderwysdepartement genader om toestemming te gee dat ons Woensdag 16 Mei gesluit sal wees, wat hul toe wel gedoen het. Dit gee personeel en leerders die geleentheid om Nampo toe te gaan. Die voorwaarde is egter dat ons die tyd moet inwerk. Die skoolprogram sal van 14 tot 18 Mei soos volg aangepas word: op Maandag, Dinsdag en Donderdag sal die skool om 13:45 uitkom. Maandag sal daar geen saalopening wees nie.

Maandag 14 Mei (dag 4) + periodes 1,2,3 van dag 6.
Dinsdag 15 Mei (dag 5) + periode 4 van dag 6.
Woensdag 16 Mei: geen skool nie.
Donderdag 17 Mei (dag 1) + periodes 5, 6 en 7 van dag 6.
Vrydag 18 Mei (dag 2) + periode 8 van dag 6.

Geen leerder sal toegelaat word om op 'n ander dag as Woensdag 16 Mei Nampo toe te gaan nie.

Die normale sportprogramme sal ook voortgaan. Die organiseerders/afrigters sal met die individuele spanne reëlings tref.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 14 Mei
Seunshokkie o/14AMR (weg); o/16A LTX (weg)

Dinsdag 15 Mei
Seunshokkie o/16B & 2de: ISSA (tuis)
Seunshokkie eerstespan *capping*
Rugby: Luiperds-proewe

Woensdag 16 Mei
NAMPO
Seunshokkie 1ste span FP (weg)
Skaak: PBHS (weg)
SAIP-Rekeningkunde-olimpiade (1)
Wiskunde-olimpiade

Donderdag 17 Mei
Skyfskiet liga 3 (Fochville)
Bio-Science NW-olimpiade
Netbal vs. KHS (tuis)

Vrydag 18 Mei
Skyfskiet liga 3 (Fochville)
ATKV-redenaars semifinaal (RHS)

Saterdag 19 Mei
Skyfskiet liga 3 (Fochville)
Rugby vs. KHS (tuis)
Dogtershokkie vs. KHS (tuis)
ATKV-redenaars semifinaal (RHS)
Cheerleaders: La Hoff (Kdp)

PUK-PRESTIGE-REEKS

Gimmies het die afgelope naweek in die finaal van die PUK-Prestige-reeks gespeel. Die uitslae was as volg:

Rugby
o/14A verloor 10-15 vs. Lichtenburg (8ste)
o/14B verloor 12-24 vs. Wesvalia (10de)
o/15A wen 19-17 vs. Middelburg (5de)
o/15B wen 47-17 vs. HTS Witbank (11de)
o/16A wen 13-0 vs. Noordheuwel (7de)
o/16B verloor 7-48 vs. Driehoek (12de)
1ste verloor 19-37 vs. Noordheuwel (6de)
2de verloor 7-24 vs. Lichtenburg (4de)
3de wen 42-0 vs. Randburg (7de)

Netbal
Algeheel eerste.

o/14A verloor vs. Middelburg (6de)
o/14B verloor vs. Wesvalia (10de)
o/15A wen vs. Zwartkop (1ste)
o/15B wen vs. Zwartkop (1ste)
o/16A verloor vs. Zwartkop (2de)
o/16B verloor vs. Montana (2de)
o/17A verloor vs. Zwartkop (4de)
o/17B wen vs. Noordheuwel (1ste)
1ste wen vs. Jeugland (3de)
2de gelykop vs. Montana (deel 1ste)

Dogtershokkie
o/14A verloor 1-3 vs. Noordheuwel (2de)
o/14B verloor 1-3 vs. Die Anker (12de)
o/15A verloor 0-2 vs. Lichtenburg (6de)
o/15B gelykop 1-1 vs. Hugenote (deel 11de)
o/16A verloor 0-2 vs. Hugenote (10de)
o/16B verloor 0-2 vs. Middelburg (10de)
1ste wen 3-1 vs. Middelburg (1ste)
2de wen 2-0 vs. Driehoek (5de)

Skaak
Juniors wen 3-2 vs. Randburg (5de)
Seniors wen 3-2 vs. Jeugland (5de)

Seunshokkie
Algeheel 1ste

o/16 wen 2-1 vs. Middelburg (1ste)
1ste gelykop 1-1 vs. Middelburg (deel 1ste)

Tennis
Juniors verloor 26-32 vs. Zwartkop (2de)
Seniors wen 35-28 vs. Oosterlig (5de)

Landloop
Juniors eindig 8ste
Seniors eindig 10de

Gholf
Juniors eindig 13de
Seniors eindig 5de

Gimmies eindig algeheel in die 5de plek, die beste van al die NW-skole.

WINTERSPORT

Ons speel ons eerste ligawedstryde op Saterdag 12 Mei tuis teen Wagpos.

Rugbyprogram

Tyd	A-veld	Tyd	B-veld
09:00	o/14A	09:00	3de
10:00	o/15A	10:00	o/16B
11:00	2de	11:00	o/14B
12:00	o/16A	12:00	o/15B
13:10	1ste		

DOGTERSHOKKIE

Gimmies het op Dinsdag 8 Mei teen Rustenburg ligawedstryde gespeel. Die uitslae was soos volg:

o/14A wen 5-0
o/14B verloor 0-1
o/15A wen 4-1
o/15B gelykop 2-2
o/16A gelykop 1-1
o/16B verloor 1-2
1ste wen 7-1
2de wen 7-0

SEUNSHOKKIE

Die ligawedstryde wat ook Dinsdag 8 Mei gespeel is, se uitslae is soos volg:

2de gelykop 3-3 teen Vryburg se 1ste
o/16B wen 2-1 teen Ferdies se o/16A

Platinum-liga teen Curro Klerksdorp:
o/14 wen 3-0
o/16 wen 7-0
1ste wen 8-0

NETBAL

Uitslae teen *Girls High*:

o/14A wen 22-7
o/14B wen 21-8
o/15A wen 41-7
o/15B wen 23-1
o/16A wen 26-13
o/16B wen 37-3
1ste wen 41-29
2de wen 43-4

SKAAK

Uitslae teen HTS:

Juniors gelykop 5-5
Seniors wen 6-4

PERDRY

Zane Lombaard is vir die Erasa Junior Ontwikkelingspan gekies. Sy het tydens die SA-internasionale kampioenskap op 30 April aan die 120 km rit te Bona-Bona deelgeneem. Die nasionale spanne kompeteer teen Namibië en Botswana. Zane het negende in die junior-afdeling geëindig. Die Erasa Ontwikkelingspan het met 'n tweede plek weggestap. Zane, baie geluk met jou en jou span se prestasies.

CHEERLEADERS

Tydens die kompetisie wat by *Girls High* plaasgevind het, het hulle 'n eerste plek behaal. Hulle tree op Saterdag 19 Mei by La Hoff in Klerksdorp op. Gimmies wens julle baie sterkte toe.

ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat na die semifinaal van die ATKV-redenaarskompetisie, wat op Vrydag 18 Mei in Rustenburg plaasvind, deur-gedring het:

Jnr. Voorbereid: Philip Human.

Jnr. Onvoorbereid: Elsabe Potgieter, Hallé Swartz, Michelle Hammann, Riandi Boshoff.
Snr. voorbereid: Anchen Bisschoff.

Snr. onvoorbereid: Francois Wiid, Katelynn Snyman, Lize van der Westhuizen.

KOSHUIS: VAKANTE POSTE

Drie tydelik departementele poste:

- 2 x Assistent matrone
- 1 x Faktotum

Aansoeke sluit op 31 Mei en kan by die skoolkantoor ingehandig word. Vir enige navrae kontak mnr. Benson by 062 611 7488.